

4 September

Kolossense 4:2-6; Filemon 4:5

### ***Vriendelikheid is meer as 'n plakkertjie met 'n glimlag op***

Vriendelikheid as vrug van die Gees maak die deur vir die Evangelie oop. Christelike vriendelikheid word nie net aan broeders en susters bewys nie, maar selfs aan teenstanders van die geloof. Filippense 4:5: *"Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby."* Die gelowiges in Filippi het baie teenstand, swaarkry en vervolging van mense ervaar. Hulle word bemoedig om ook teenoor hulle teenstanders vriendelikheid te bewys, want hulle weet die Here is naby. Sy wederkoms is naby. Hy sal met sy koms aan elke gelowige reg laat geskied. Daarom moet hulle selfs teenoor die wat hulle kwaad aandoen hulle vriendelikheid bewys. Vriendelikheid is soos 'n fontein wat iemand probeer toegooi met klippe. Die suiwer water van die bron vind egter sy eie pad deur al die klippe heen en vloei met net sulke suiwerheid na buite. So moet ons vriendelikheid ook teenoor hulle wat ons kwaad of onreg aandoen of onvriendelik behandel, steeds bekend bly. Jy kan vriendelik wees teenoor hulle wat jou beledig, omdat jou vriendelikheid meer is as dié van die wêreld.

Jou vriendelikheid is 'n gawe van die Heilige Gees. Omdat jy die vriendelikheid en sagmoedigheid van Christus ken (2 Kor. 10:1), moet jy uit die vrug van sy Gees jou optrede laat lei. Hy gebruik jou vriendelikheid om deure vir die Evangelie oop te maak. *"Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord."* Vriendelikheid maak dat ander gaan navraag doen oor die hoop wat in jou is. Wanneer dit gebeur word jy in 1 Pet 3:15 geroep om bereid te wees "... om verantwoording te doen aan elkeen wat van (jou) julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in (jou) julle is." Ook jou getuienis oor ons Christelike hoop moet in vriendelikheid ... "met sagmoedigheid en vrees geskied." Jou vriendelikheid laat mense die Bron daarvan ontdek, sodat hulle ook onder die genade van die Heilige Gees die vriendelike oë van God mag leer ken.

Ds. D.J. Bakker (Boksburg)